

N.G. Kerk Fochville-Noord

Februarie 2022 se nuus

Voluit vir Christus

Hand aan hand met God in 2022



REDAKSIE:

Ons is dankbaar dat ons elke maand 'n Boodskappretjie in die gemeente kan uitstuur. Ons hou ook van positiewe wenke oor hoe ons die Boodskappertjie beter kan maak.

Verder vra ons asb vir enige nuus wat 'n mooi getuienis is van ons betrokkenheid as gemeente en van enige gemeentelide se betrokkenheid.

Kerkbywoning verbeter steeds

Die jaar het baie beter begin as die laaste twee aangesien ons darem nou vir almal kan plek maak in die eredienste.

Ons bywoning verbeter feitlik week vir week soos ons mense weer in die "goeie" gebruik kom om Sondae die Here in die kerk te gaan aanbid.

Ons besef almeer hoe nodig ons mekaar het in die gemeente.

Ons elkeen se teenwoordigheid in die erediens help om ander gte versterk in hulle geloof.

Verlede jaar het ons nog geskryf; "Ons sien uit na die dag wat die regering die beperkings bietjie lig sodat ons weer meer mense in die erediens kan verwelkom." Nou is ons daar en ons geniet dit terdeë.

Dankie vir almal wat help deur so pligsgetrou julle maskers te vra in die erediens. Dit help dat ons veilig kan aanbid.

Facebook en ons Webwerf help baie

Ons is dankbaar dat ons steeds 'n medium soos Facebook kan gebruik om ons dienste uit te saai. Dankie ook vir Jacoba van den Berg en Len de Villers wat getrou elke week die preek op ons webwerf laai sodat almal wat belangstel dit daar kan kyk.

Ons kry elke week duisende mense wat van die diens gebruik maak.

Ons kry ook wonderlike reaksie van oral deur lidmate wat dankbaar is dat hulle steeds kan deel wees van ons eredienste al woon baie van hulle in die buiteland.

Dankie ook vir die getroue finansiële ondersteuning.

2

BYDRAES:

By ons laaste kerkraadsvergadering in Februarie kon die finansiële kommissie verslag lewer van ons gemeente se inkomste en uitgawe vir die 11 maande van die finansiële jaar. Ons is so dankbaar om te kan sê dat ons inkomste groter is as wat ons begroot het. Daarby het ons dit rteggery om ons uitgawes so te beperk dat dit eintlik 'n baie goeie finansiële jaar vir ons gemeente was.

Ons het baie uitgawes by ons kampterrein gehad om bietjie opgradering daar te doen en die inkomste was swak met die min kampe wat verlede jaar plaasgevind het. Nou begin die kampe ook baie meer word en die besoekers by ons kampterrein vermeerder feitlik maand vir maand.

Die kerkraad was baie dankbaar teenoor die Here dat die bestaande jaar se begroting mooi uitgewerk het en dat al die werk wat die gemeente wou doen in diens van die Here, gedoen kon word.

Ons bid as gemeente dat die Here ons gemeente sal seën om steeds 'n groot verskil in ons dorp en in die land te maak vir die koninkryk.

Lydenstyd 2022 – Die LIG skyn

Lydenstyd 2022 het weer begin op Sondag 27 Feb. met ons eerste van 7 lydensweke.

Lydenstyd het vanjaar by ons nagmaal begin.

Woensdag 2 Maart was Aswoensdag wat die begin van lydenstyd is. Ons blaas weer elke Sondag 'n kersie dood en haal 'n vlammetjie af van ons kanselkleed terwyl ons saam op die lydenspad stap vir 2022.

Dit is teken dat daar met Jesus se sterwe totale duisternis oor die aarde gekom het.

In Joh. 1 vers 5 lees ons; "In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie. Op Goeie Vrydag het daar duisternis oor die aarde gekom toe Jesus sterf. Maar nou skyn die Lig van die Evangelie in ons en deur ons elkeen in die wêreld.

Op Paassondag by die oggenddiens gaan ons DV weer al die kersies laat brand en al die vlammetjies op die kanselkleed terug hê as teken van die Here wat opgestaan het en wat lewe.

Sy lewe is die LIG wat skyn in ons lewens.



Waardes en Beginsels

Iemand skryf as volg:

Ek het die afgelope tyd 'n paar vreemde belewenisse gehad. Ek het nie besef dat 'n mens in die moeilikheid kan kom as jy by jou beginsels staan nie. As onderwyser kom 'n mens daaglik met baie leerders in kontak. Wanneer 'n mens oor waardes en beginsels praat, ontstaan daar heerlike gesprekke. Mag my ma my foon nagaan. Mag my ouers sien wat my webgeskiedenis is of op watter internetwebblaai ek rondkuier.

Ek dink soms sommige ouers is so besig om soos helikopters bokant hulle kinders te vlieg dat hulle nie besef goeie waardes en norme vlieg saam met die helikopter weg nie. Ouers vergeet kinders moet uit hulle foute leer. As jy verkeerd doen, dan moet jy die verantwoordelikheid vir jou dade neem. 'n Oortreding is teenoorstaande aan straf en dan vra jy verskoning en sê jy is jammer oor wat jy gedoen het.

Hierdie beginsel is maar skaars. Dit lyk vir my dat as kinders vandag oortree, die onderwyser eers verdag gemaak word, voordat daar na enige rede geluister word. Die opvoeder trek aan die kortste end. Ek weet dit is nie in alle gevalle so nie, maar dit is 'n gewaarwording, wat kommerwekkend is.

In die week hoor ek van 'n interessante artikel, waarin wetenskaplikes en opvoeders verwys na natuurlike speel. Wanneer kinders toegelaat word om te speel, foute te maak en natuurlik leer dat jy moet jammer sê as jy dalk jou maatjie stamp, dan leer die hulle dit natuurlik aan. Vrye sosiale interaksie, wat nie deur volwassenes beheer word nie, is dan die natuurlike leerproses.

As jy 'n jong mamma of ouma is, wat hierdie lees, laat julle kinders speel, want in speel leer ons natuurlike sosiale vaardighede aan. Ek leer om met ander oor die weg te kom, al is hulle anders as ek. Ek leer om ekskuus te sê as ek iets verkeerd doen, want anders sal die maatjies nie meer met my wil speel nie. Dis in hierdie oomblikke wat mammas net moet terugstaan en die kind laat leer.

Ons leerders sukkel met hierdie beginsel. Hulle kry swaar om te sê hulle is

jammer. Ek skakel eerder vinnig my ma dat sy namens my kom baklei by die skool, al is ek verkeerd.

Om te kan sê jy is jammer, is 'n broodnodige lewensvaardigheid vir die sukses van alle toekomstige verhoudings. As jy jou huweliksmaat seermaak, moet jy opreg kan sê dat jy jammer is om die verhouding te herstel.

Leer jou kinders hierdie beginsel. Dit is so noodsaaklik vir suksesvolle verhoudings. Daarmee saam gaan sondebelydenis. Die Here vergewe ons elke dag. Ons begin elke môre nuut in Sy teenwoordigheid. Dis is kosbaar om te kan erken jy het 'n fout gemaak. Gryp hierdie beginsel en lewensvaardigheid weer opnuut in jou lewe aan en leef daarvolgens. Leer jou kinders en kleinkinders dat dit goed en reg is om verskoning te vra, want dit is die sleutel tot goeie opvoeding.

Oorgeneem en verwerk

Hoe lyk jou testament?

Wat se vraag is dit om te vra? Mag jy dink...

Ek het grootgeword in 'n tyd waar dit normaal was dat mense iets in hulle testamente vir die werk van die Here aan die kerk bemaak. Daar is baie werk wat vandag gedoen word wat alleen moontlik is omdat iemand iewers besluit het om 'n bedrag te bemaak. Die Abraham Kriel Kinderhuis in Potchefstroom is 'n goeie voorbeeld.

My vraag is.

Kan ons nie dalk elkeen net weer daarvoor dink nie? Ons wonder baiekeer oor die toekoms van die kerk en die werk van die Here. Ons wonder ook oor ons eie gemeente in die toekoms. Kan ons nie dalk self iets daaraan doen nie?

Bid oor die saak. Miskien lê die Here dit op jou hart om iewers 'n verandering (al is dit net klein) aan julle testament aan te bring.

Jy is welkom om met my daarvoor te gesels.

Liefde in Christus,

Ds. Johan Brink



Kerkraadslede bevestig

Die afgelope maand was vir ons kerkraad baie geseënd met 'n paar nuwe kerkraadslede wat bygekom het op die kerkraad.

Elize Smith is bevestig as ouderling vir Leeuwpoort-Noordwyk. Saam met haar is Boet wat een van die diakens in die wyk is. Hulle is al vir baie jare deel van ons kerkraad maar nou is Elize een van ons ouderlinge. Mag die Here julle wonderlik seën in Sy diens



Johan en Elize Olivier van die Aftreeoord is bevestig as ouderlingspaar in wyk 5 van die Aftreeoord. Hulle het verlede jaar na ons gemeente verhuis. Baie geluk en baie welkom op die kerkraad. Mag die Here julle seën in Sy diens,



Willem en Daleen Roothman van Uitbr. 1 wyk 6 is bevestig as diakenspaar vir Uitbr. 1 wyk 4, saam met Corrie Jordaan. Baie geluk en baie welkom op die Kerkraad.



Kobus Coetzee is weer terug op ons kerkraad nadat hy bevestig is vir Uitbr. 1 wyk 9. Hy het tans nie 'n ouderling nie en hanteer die wyk alleen. Baie welkom terug Kobus en baie seën vir jou.

Lafras en Nadia Lamprecht se huwelik

Lafras Lamprecht en Nadia Visagie is op Saterdag 26 Februarie in die huwelik bevestig deur Ds. Johan Brink. Lafras is Pieter en Ronel Lamprecht se tweede seun. Nadia se ouers woon in Pretoria, waar sy 'n apteker is. Hulle gaan nou in Pretoria woon waar Lafras 'n Ingenieur is. Baie geluk aan die paartjie en hulle ouers met die groot stap in hulle lewe. Ons bid vir hulle 'n geseënde lewe saam toe.



Ons mielieprojek was 'n groot sukses



Die jaarlikse mielieprojek van ons gemeente was 'n baie groot sukses. Met die pragtige reën wat ons gekry het is die mielies vanjaar baie mooi. Op Vrydag 25 Februarie het Johan en Elize Mitchell die mielies asook tamaties by die kerk verkoop. Nic v/d Werff en Susan Prinsloo het hulle die hele dag gehelp. Baie dankie vir die groot proging. Die inkomste vir ons Famfest uit die mielieprojek was meer as R 7 000,00 (sewe duisend) Dankie vir julle harde werk en vir elkeen se offervaardigheid.

Ons KIX begin weer 'n kamp

Op Vrydag 28 Januarie het ons KIX se kamp op Elandsfontein begin. Dit was voorwaar 'n naweek waarna ons kinders lank uitgesien het. Vir 9 van ons leiers was dit hulle eerste kamp, maar na die “verwelkoming” (op die foto hieronder) het hulle sommer tuis gevoel. Hulle het so lekker saamgewerk en dit was regtig 'n geseënde naweek. Baie welkom julle ouens! En ons waardeer julle entoesiasme en toewyding om 'n verskil in ons kinders se lewens te maak.

Daar was 53 kinders op die kamp waarvoor ons baie dankbaar is. Daar is ouers wat nog nie vrymoedigheid het om hulle kinders te laat kamp met die moontlikheid van Covid nie. Ons verstaan dit en glo dat ons volgende jaar dalk weer met 100 kinders kan gaan kamp.

Ons dank die Here vir elkeen wat daar was. Dis mos nou nie 'n kamp waar die ouer kinders baie slaap nie. Daarvoor is daar te veel energie en opwinding. Na die kamp was hulle pootuit.



Ons nuwe leiers is behoorlik welkom geheet by die kamp toe daar koek gebak is op hulle koppe deur die ou leiers.

Al die bestandele wat mens in 'n koek kan sit is op hulle uitgegooi. Dit sluit koekmeel, goue stroop, cocoa poeier en gebreekte eiers en 'n knertsie asyn in.

Jy kan jou indink hoe dit voel en ruik op jou kop en veral as dit in jou nek afloop en oor jou oë en mond.

Dit was 'n groot werk vir hulle om weer skoon te kom na die tyd (sommige het dit eers by die huis reggekry). Hulle verseker ons dat hulle nou heeltemal skoon is en heeltemal tuis by die KIX.

Vir die Graad sewes is dit hulle laaste KIX kamp en daarom mag hulle die aand mekaar met skeerroom bykom en later swem as die ander kinders. Hulle het dit baie geniet en sal vir altyd mooi herinneringe hê aan die KIX.



Elandsfontein se swembad het al baie ure se pret en plesier verskaf met KIX kampe.

Vanjaar was dit weer so en elke oomblik is gebruik om voluit te geniet wat die Here vir ons gee.

Ons EPIX kamp weer spesiaal

Tydens die naweek van 11 – 13 Februarie het ons EPIX se kamp langs die Vaalrivier by 'n baie mooi terrein, Dimalachite, plaasgevind. Hulle sou die Vrydag gaan kamp maar aangesien die Interhoër na die Vrydag geskuif is het hulle die Saterdag vroeg vertrek na die kamp toe.

Aanvanklik was die jongmense ook skrikkerig om in te skryf maar toe hulle eers besef hulle vriende gaan, toe raak die kamp sommer gou vol. 'n Paar was toe ongelukkig te laat om saam te gaan.

Ons glo volgende jaar gaan daar weer so 'n lekker kamp wees en dat daar plek sal wees vir almal om saam te gaan.

Baie dankie vir al die ouers wat hulle kinders toegelaat het om saam te gaan en wat bereid is om te help betaal aan die kamp. Ons kerk het meer as die helfte van die kostes gedra en daarvoor sê ons jongmense (en sekerlik die ouers ook), baie dankie!



Daar was lekker groepsgees op die kamp want elke groep moes 'n eie banier ontwerp vir die naweek.



Daar was genoeg kleur aan die naweek na die poeier almal getref het. Dit was eintlik 'n beskrywing van hoe

kleurvol en mooi die Here ons elkeen geskep het en hoe ons die lewe kan geniet.



'n Spesiale bederf vir die naweek was om onder leiding van bekwame gidse op die Vaalrivier te kon gaan "River Rafting" doen. Die rivier het lekker sterk geloop, maar daarom juis baie van die klippe toegemaak. Die adrenalien het soos Eno's gebruik, die oë het geblink en jy kon die opgewondenheid van ver af hoor.

Party pare kon net nie hulle koördinasie met die roeispans regkry nie en het die roete in spiraalvorm gedoen. Hulle het minstens 40 keer in die rondte getol, maar darem nie een keer omgeval nie.

Ander het soos ou kanovaarders gelyk en pylreguit geroei. Van die groter kinders het van die jongeres saam met hulle gevat sodat daar op die ou end nêrens probleme was nie. Dankie ouers!

Toe ons na die tyd die kamp weer in oënskou geneem het, het 'n paar die kamp 8 uit 10 gegee en die res 9 uit 10 of 10 uit 10! Ons is bly julle het dit geniet. Volgende jaar, as die Here wil, maak ons weer so.

Dit gaan baie goed met ons Kleuterkerk wat elke Sondag 9 vm. saam met die hoofdiens byeenkom.

Dankie vir al die Mammass wat help. Julle doen spesiale werk!!!



Die Here is wonderlik

Het jy al gedink hoeveel kos dit om 'n stad te bou met sy wolkekrabbers.

Die Here gee vir ons hierdie tyd van die jaar soveel meer wolkekrabbers wat groter en mooi is. Gaan staan weer 'n keer net bietjie stil en bewonder die grootsheid van die natuur en sien God se hand daarin raak.

Aan ons Here al die Eer!!!



Ons omgewing is weereens vanjaar geseënd met wonderlike reën en genoeg sonskyn. Ons vergeet partykeer dat daar ook genoeg sonskyn moet wees om al die gewasse op die lande mooi te laat groei. Gelukkig beplan die Here dit alles vir ons en seën Hy ons ryklik. Mag ons elkeen genoeg tyd maak om net bietjie om ons te kyk en die Here te dank wat so goed is vir ons. **Aan Hom kom al die Eer toe...**

Advertensieblad

Het jy iets om te adverteer?

Ons wil graag vir ons gemeentelede tot diens wees.

Jy is welkom om jou advertensie vir Petru Barnard te stuur

skriba@ngfochvillenoord.co.za

Ons het besluit om 'n donasie te vra vir advertensies wat geplaas word. Dit help vir die koste van die uitgee van die Boodskappertjie.

- * R400.00 = A5 (210x148mm)
- * R300.00 = A6 (105x148mm)
- * R200.00 = A7 (74x105mm)
- * R100.00 = A8 (52x74mm)



Lidmate en vriende van ons gemeente se bydraes

Onthou ons diakens kan nie kollekteer by die huise nie weens Covid.

Ons gee die bankbesonderhede sodat julle die dankoffers sommer kan oorbetal in die kerk se rekening.

Dankie vir almal wat so getrou is in julle offervaardigheid voor die Here.

BANKBESONDERHEDE

Ons bankbesonderhede vir kollektes en spesiale bydraes:

NG Kerk Fochville Noord

Absa Fochville

Tjek Rekening

Nommer 1610580005